

# 503 Wees stil my siel




Wees stil, my siel, die Heiland het beloof om jou nog verder soos voorheen te lei;
laat niks jou hoop en jou vertroue roof; op ieder vraag sal ons ‘n antwoord kry.
Wees stil, my siel, die golwe en die wind staan soos weleer, nog onder sy bewind!

Wees stil, my siel, die uur kom naderby wanneer ons ewig by die Heer sal wees!
Dan sal geluk en vreugde ons verbly; dan wyk verdriet, vermoeienis en vrees.
Wees stil, my siel, en laat die trane droog, want veiligheid en rus wag ons omhoog!

Katharina von Schlegel, verw. Jane L. Borthwick (1815-97) J. Sibelius (1865-1957)